

Opsomming

Definisies en Verduidelikings

- Sportklubs word gereken as ondernemings sonder winsoogmerke. Dit beteken dat daar nie 'n winsmotief is nie. Die hoofdoel is om die lede in staat te stel om een of meer sportsoorte te beoefen.
- Die konstitusie van 'n klub dui aan hoe die klub geadministreer moet word.
- Teboekstellings vind plaas in 'n kasboek: Ontvangstes en Betalings
- OPGELOPE FONDS is 'n ekwiteitsrekening waarin die surplusse/tekorte van 'n klub in akkumuleer(ophoop). Geakkumuleerde gelde word tot voordeel van die lede gebruik deur byvoorbeeld die opgradering van die beskikbare fasiliteite.
- Ledegeld word deur lede betaal. Dit kan maandeliks, kwartaalliks of jaarliks geskied. 'n Lederegister word bygehou van alle lede.
- Die aantal lede aan die begin van die jaar + nuwe lede – lede geskrap uit die register = aantal lede van aan die einde van die jaar.

$$\text{Aantal aan die einde van die jaar} \times \text{ledegeld vir die jaar} = \text{INKOMSTE EN UITGAWE}$$
 Dit is 'n inkomsterekening.
- Intreegeld word betaal deur lede wanneer hulle by 'n klub aansluit. Intreegeld word gesien of as 'n bedryfsinkomste of kan gekapitaliseer word (OPGELOPE FONDS) of beide. Dit is 'n INKOMSTEREKENING.
- AFFILIASIEFOOIE is 'n uitgawerekening. Dit is 'n bedrag wat betaal word om lid te word van groter sportorganisasies.
- HONORARIUM is 'n uitgawerekening. Dit is 'n bedrag wat betaal word aan die voorsitter/sekretaris/tesourier van die klub uit waardering vir die werk wat deur hulle gedoen word.
- Surplus ontstaan wanneer ontvangstes meer is as betalings of wanneer inkomste, uitgawes oorskry.
- Tekorte ontstaan wanneer betalings meer is as ontvangstes of uitgawes, inkomste, oorskry.

Etiek

- Geen individu van die klub mag voordeel uit die klub trek nie bv. die voorsitter van die klub mag nie “kickbacks” ontvang tydens die aankope van verversings vir die klub nie.
- Eerlikheid. Die klub hanteer publieke fondse en daarom moet komiteelede alle inkomste hanteer net voldoende beheermaatreëls in plek.
- Openlikheid en deursigtigheid. Die boeke van die klub moet altyd beskikbaar wees vir insae deur die lede van die klub.
- Respek Geen diskriminasie op grond van ras, geslag of kultuur. Beamptes moet alle lede dieselfde hanteer en respek he vir lede wat gewillig is om funksies uit te voer.

Interne beheer

- Voldoende beleid en prosedures. Amptelike verantwoordelikheid en bestuur rakende die bates van die klub en dit moet ook ingesluit wees in die konstitusie
- Beamptes moet verantwoordbaar wees vir alle programme en finansies van die klub.
- Hulle moet ook verantwoordbaar wees aan die skenkers, lede en owerheidsregulasies.
- 'n Begroting moet jaarliks opgestel word en aan die lede voorgehou word vir goedkeuring. Werklike ontvangstes en betalings moet met die begrote syfers vergelyk word en afwykings moet aangedui word.
- Die uitskryf en ondertekening van tjeks moet op so 'n wyse plaasvind dat tenminste twee persone die tjeks moet onderteken. Geen blanko tjeks moet ooit onderteken word nie.
- Skeiding van pligte. Ontvangs en teboekstelling van ledegeld en ander inkomste moet aan verskillende persone toegeken word om uit te voer. Kontroles moet in plek wees vir die ontvangs en deponeer van geld. Dit kan help om verduistering en bedrog rakende kontant te voorkom.
- Rekonsiliasie van ledegeld, intreegeld, donasies ontvang en betalings gemaak, moet op 'n gereelde basis uitgevoer word.
- Die kleinkas moet so hanteer word dat daar verwag moet word dat daar behoorlike bewyse ingevul moet word voordat enige uitbetaling gemaak word.
- Die klub moet die boeke en finansiële state deur 'n eksterne ouditeur laat audit.